# Kampkrummels

# Kiepersol

*Nuusbrief van Streek Kiepersol*

*van die*

*Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie*

# INHOUD


| | |
|---|---|
| Oordenking | 3 |
| Voorsitter sê | 4 |
| Redakteur sê | 4 |
| Saamtrekke 2016 | 5 |
| Lekker Kampnuus | 6 & 7 |
| Fotoalbum | 8 & 9 |
| Senior Burgers | 10 & 11 |
| Tieners | 12 |
| Verjaardae, Lief & Leed | 13 |
| Huweliksherdenking | 14 |
| Bestuur en voogdelys | 14 & 15 |


## REDAKTEUR


**Elma Bronkhorst**

Sel: 082 469 3559

E-pos: elma.bronkhorst1956@gmail.com

Disapark no 8
Disastraat 68
Clubview

Posbus 10315
Centurion


SAWA Webwerf: http://www.sawa.org.za

Foto's en fotoalbum: Willie Bronkhorst

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*



# OORDENKING

## Gebed

## Openheid vir mekaar

**Die Here hoor as ek na Hom roep (Ps. 4 : 4)**

Here!
Ons loof U omdat U so vreeslik wonderlik is,
omdat U luister as ons met U praat -
nie net na ons woorde nie,
maar ook na die diepste versugtinge van ons hart.
Gee ons die genade, Here,
om met daardie selfde openheid
na mekaar te luister
- sodat ons werklik sal hoor.
Skep U self 'n stilwees in ons,
- sodat ons mekaar kan verstaan.
Te dikwels, Here, kan ander nie hoor wat ons sê nie
omdat ons te moedeloos of te gejaagd is
om die regte woorde te prober vind ...
en dan verwag ons dat familie en vriende
en ander bevolkingsgroepe of nasies moet weet
hoe ons voel of wat ons standpunt is!
Ons formuleer nie duidelik nie,
en ons luister ook nie.
Here, ek weet ek is self hieraan skuldig.
Verander my gesindheid.
Lê U self die liefde in my hart
en die regte woorde in my mond.
Help my sodat my idees oor U, of oor ander mense,
nie in die weg staan van die werklikheid nie.
O, Heilige Gees, verander my en maak my nuut.
Skep in my 'n hart wat kan hoor en begryp.
Ons gesinne verbrokkel, o Here,
omdat ons nie werklik kommunikeer nie.
Verhoudinge tussen die groepe in ons land kwyn
omdat ons vaskyk teen karikature
wat ons self opgebou of deur die media geabsorbeer het.
In die Naam van ons Here, Jesus Christus, bid ek:
Here, gee ons oë om mekaar werklik raak te sien,
en ore om te hoor sodat ons saam na U kan luister,
ons hande na mekaar kan uitsteek
en saam kan werk aan ''n beter toekoms vir almal.
Here, kom ons ongeloof tot hulp!

**Annemie Bosch**

**Die Groot Gebedeboek**

**Die Voorsitter sê:**

**'n Opwindende jaar is verby**

**Willie Bronkhorst**



Geagte Kiepersollers,

Hoe vinnig het hierdie afgelope Sawa-jaar nie verbygevlieg nie. 'n Jaar vol uitdagings maar ook 'n opwindende jaar met 'n paar lekker saamtrekke wat gehou is.

Sedert die AJV in Augustus 2015 is daar tien (10) saamtrekke aangebied wat soos volg daar uitsien:

| Periode | Streek | Nasionaal |
|---|---|---|
| Aug 2015 tot Nov 2015 | 3 | 1 |
| Jan 2016 tot Jun 2016 | 5 | 1 |

Die gemiddelde bywoning vir die tyd was 18% wat vir ons 'n gemiddeld van elf (11) woonwaens per saamtrek gee. Ek will weer vra dat u tog meer sal kom saam kamp en ook die samesyn en natuur geniet.

Wat Sawa se ledetal aan betref die volgende:

| Beskrywing | 1/07/2015 | 31/05/2016 | Afname |
|---|---|---|---|
| **Sawa** | 1386 | 1316 | 70 |
| **Gebied Jakaranda** | 268 | 254 | 14 |
| **Streek Kiepersol** | 65 | 59 | 6 |

Die AJV is ophande en vind plaas op Saterdag, 13 Augustus 2016 te San Cha Len Guest Farm net buite Bela-Bela. Die tarief vir die naweek beloop vier honderd-en-tien rand (R 410.00) vir twee persone en sluit die plaatjie en Saterdagaand se ete in. Kom woon die saamtrek by en ervaar die Sawa familie. Bespreek asseblief by Ina vd Berg.

Die nominasie vorms is uitgestuur en dit is u kans om die persoon wat graag op die bestuur wil sien te nomineer. Sluitingsdatum is Maandag, 25 Julie 2016 om 18:00. Getekende vorm moet aan Ina vd Berg ge e-pos word of by enige van die huidige bestuurslede ingedien word.

Ek sluit af met die aanhaling uit Afrikaans blom in Namakwaland. Met erkenning aan Danie van egAfrikaans

As die liefde beskryf word soos in 1 Kor. 13, klink dit so: "Die regtige liefde se bek is nooit dik nie; jy sien hom nie skinder nie en jy hoor hom nie klik nie; hy skrywe die kwaad nie in boekietjies op nie. Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos. Tale die hou op, voorspellings verdroë en woorde raak los, maar die liefde die sal nou tot by die ewigheid toe net so bly staan."

SAWA Groete,
Willie.

**Die Redakteur sê:**

## Helfte van die jaar.

**Elma Bronkhorst**



Dit is al weer die helfte van die jaar 2016

Die AJV is ook weer op hande .

Ek wil hê dat julle vir my die "skakel of Link" wat Willie gestuur het, oopmaak, die inligting invul en terug stuur deur die "Submit" knoppie te druk om julle besonderhede op te dateer, want ons vind dat daar verkeerde e-posse en adresse is. Dit word gedoen om seker te maak dat almal se besonderhede op datum is.

"Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek." Ps. 62 :6

As jy jou hoop verloor, gaan jy begin sterf. Hou die vlam van hoop aan die brand; hou die vonk van moontlikhede lewendig. As jy dit regkry, sal jy sterk kan bly staan.

# Saamtrek datums

## Saamtrekke vir 2016.

| Datum | Saamtrek | Tipe | Tarief | Senior Burger |
|---|---|---|---|---|
| 29 - 31 Januarie | Klein Paradys - Nylstroom | Streek | | |
| 05 - 07 Februarie | Oop NUB - | Algemeen | | |
| 19 - 21 Februarie | Drie Berge | Streek | | |
| 22 - 24 Maart | Klipdraai | Algemeen | | Ja |
| 24 - 28 Maart | Klipdraai - Presidente | Algemeen | | |
| 08 -10 April | 100+ - Kaia Manzi | Algemeen | | |
| 29 - 30 April - 01 Mei | Eastco | Streek | | |
| 20 -22 Mei | Dube | Streek | | |
| 07 - 16 Junie | Weesgerus | Algemeen | | Ja |
| 17 - 19 Junie | Gebiedsaamtrek - Weesgerus | Streek | | |
| 22 - 24 Julie | Manyane | Streek | | |
| 12 - 14 Augustus | San Cha Len | Streek | | |
| 21 - 23 September | Nasionaal - Koppisol | Algemeen | | Ja |
| 23 - 25 September | Nasionaal - Koppisol | Algemeen | | |
| 14 - 16 Oktober | Koppisol - Kongres | Algemeen | | |
| 21 - 23 Oktober | Marula | Streek | | |
| 18 - 20 November | Liracia | Streek | | |







# Lekker Kampnuus



## Drie Berge - Brits
## 19 - 21 Februarie 2016

**Jannie & Ina van den Berg**

Drie Berge was n baie aangename naweek. Daar aangekom en die kampkommandant van Rietvallei het ons welkom geheet en op ons plekke laat staan. Die naweek was vol bespreek en daar was nie ekstra plek vir 'n muis nie.
Boekevat asook die kerkdiens het die twee streke saam gedoen.
Die Saterdagoggend se gesamentlike ontbyt was beslis 'n hoogtepunt. Die Kiepersol lede en Rietvallei lede het baie lekker saam gekuier en mekaar leer ken. Die Gebied Voorsitter Chris Delport en die Nasionale Sekretaris André Swanepoel wat die gebied se voog is, het ook die kamp bygewoon. Hy het ook Dagbestuur se groete aan die twee streke oorgedra.
Daar was 'n hond uit 'n bos gekuier en gelag. Saterdagaand het al die Kiepersollers saam gebraai. Dit was baie aangenaam.
Martiens de Swardt het die Sondag oggend siek geword en André Baker het hom inderhaas Hospitaal toe geneem . Jannie het sy Woonwa vir hulle Hospitaal toe geneem. Marie de Swardt het toe huis toe gesleep nadat Martiens ontslaan is. Hy was gelukkig gou beter.
Na alles was dit 'n baie lekker naweek en is dit beslis die moeite werd om saam met ander streke te kamp om sodoende beter pryse te beding.

## Presidente - Klipdraai
## 22 - 28 Maart 2016

**Willie Bronkhorst**

Die Presidente Saamtrek word aangebied by Klipdraai Woonwapark in Meyerton en Gebied Jakaranda tree as kampkommandante op. Op Sondag 20 Maart 2016 arriveer Chris en Ansie Delport, Theo en Babs Senekal asook Willie en Elma Bronkhorst by die oord aangesien hulle die volgende dag die staanplekke vir die saamtrek moet uitmerk. Die oord is egter nog vol woonwaens wat die langnaweek daar kamp en baie van hulle ry eers laat die middag wat sake lelik deurmekaar krap met die uitmerk van die staanplekke.

Die senior burger saamtrek begin op Dinsdag, 22 Maart 2016 'n skielik is daar sommer 'n klomp mense wat opdaag wat Bas wat die ontvang by die hek behartig goed laat bontstaan. Agt van Kiepersol se lede tel onder van die lede wat die senior burger saamtrek bywoon. Die Presidente Saamtrek begin amptelik op Donderdag, 24 Maart en nog drie van Kiepersol se lede sluit by die wat reeds daar is aan.

Vrydag word daar rustig gekuier om die gesamentlike potjies wat gemaak word vir middagete. Saterdag tydens die kermis verkoop ons koeldrank en Pieter en Johanna van Biljon beman die senior burger tafel. Sondag na die erediens word daar heerlik saam gekuier en gebraai.

Maandagoggend na die boekevat en afsluiting begin ons oppak en pak die terugtog huis toe aan.

Nog 'n suksesvolle Presidente waartydens vriendskappe versterk en nuwe gebou is verby.

Dankie, aan die Kiepersoller wat die saamtrek bygewoon het en gehelp het met die koeldrank verkope.

## 100+ Plus - Kaia Manzi
## 08 - 10 April 2016

**Willie Bronkhorst**

Vir die eerste keer sedert 2011 word daar weer 'n 100+ saamtrek aangebied oor die naweek van 08 tot 10 April 2016 deur Gebied Jakaranda te Kaia Manzi Lodge naby Bronkhorstspruit.

Nege en twintig (29) woonwaens woon die saamtrek by. Jurie en Sandra Pretorius van Streek Pretoria met vyf honderd ses en dertig (536) is die Sawanante wat die meeste saamtrekke bygewoon het en die die babas van die naweek is Rudi en Ilze Kleynhans met een honderd en ses (106) saamtrekke. Agt (8) van Kiepersol se lede woon die saamtrek by.

Dries en Martie Brand word as die Burgemeesters paar aangewys.

Saterdagaand se verrigtinge word afgeskop met volkspele of te wel “georganiseerde chaos” wat deur Pieter en Johanna van Biljon gelei word.

Sondagoggend na die kerkdiens word die naweek afgesluit met ’n gesamentlike ontbyt, waarna stadig maar seker opgepak word om terug te keer huis toe. Die baie besonderse en spesiale naweek het net weer bewys dat daar tog ’n plek is vir die 100+ saamtrek.

Baie dankie aan Chris & Ansie Delport asook Pieter & Johanna van Biljon vir ’n lekker en interessante naweekprogram.

## Eastco - Rooihuiskraal kerkkamp 29 - 30 April –02 Mei 2016

**Jannie & Ina van den Berg**

Op uitnodiging van NG Kerk Rooihuiskraal om hulle kamp te Eastco met hulle te deel word Eastco vir die naweek van 29 April 2016 tot 1 Mei 2016 op Kiepersol se program geplaas.

Eastco is ‘n baie praktiese kampterrein waar al die staanplekke onder ‘n skadunet is met ‘n sement blad vir die tente. Geriewe is goed met onderdak warm swembad, saal , winkel ens. Hulle langnaweek tarief van R810 wat Emil onderhandel het was ook baie billik.

Donderdag middag kom ons, Emil en Christine omtrent saam by Eastco aan om seker te maak dat almal wat van Vrydag af arriveer ‘n geskikte staanplekkie kry. Die besluit was dat Kiepersol die onderste helfte en Rooihuiskraal die boonste helfte van die kamp sal benut maar dat ons tog mekaar se aktiwiteite sovêr moontlik sal ondersteun. So woon Rooihuiskraal ons boekevat geleenthede by en ons woon Rooihuiskraal se erediens by. ‘n Totaal van 34 kampers daag op. 17 elk van Kiepersol en Rooihuiskraal. Kiepersol maak so ongeveer 120 Jaffels die Vrydagaand wat ons beplan het om te verkoop, maar as gevolg van die goeie opkoms kry Emil so ‘n bietjie ekstra afslag by die oord en ons kon ‘n jafel gratis verskaf aan elke kampeerder. Daar was ook by tye lekker saam gebraai, en ‘n klompie van Kiepersol se lede het ook Rooihuiskraal se ken mekaar bygewoon. Dit het nogal ‘n paar ongewone danspassies opgelewer wat die lagspiere goed geprikkel het.

Hierdie saamtrek was ‘n bewys dat verskillende groepe kragte by mekaar kan ingooi om beter pryse te beding en dan ook in die proses nuwe vriende te maak en selfs ‘n paar potensiële lede vir SAWA te identifiseer.

Ek en Ina sê dit was baie aangenaam. Kom ons doen dit meer.

## Dube - Rietvlei 10de verjaarsdag 20 - 22 Mei 2016

**Johan Burger**

Ons het met groot opgewondenheid Vrydagoggend die pad na Dube gevat vir Rietvallei se tiende verjaarsdagviering. Met ons aankoms was Seeff, Martiens en Pierre se waens alreeds opgeslaan onder die Bosveld se doringbome. Jannie en Williehulle het later aangesluit.

Teen die aand was daar 45 waens van vyf streke nl. Pretoria, Kiepersol, Bosveld, Rietvallei en Bronberg satelliet. By die boekevat het almal oor en weer gegroet en Hans Koekemoer het almal hartlik welkom geheet.

Saterdag na boeke vat het almal in die son gekuier in afwagting vir die fees die aand. Sommige het in die reservaat gestap en elande, koedoes, rooibokke en sebras gesien. Die mense het ook die lekker warm swembad geniet. By die dinee het al die vorige voorsitters van Rietvallei staaltjies uit hulle onderskeie dienstye vertel. Die feesmaal het bestaan uit heerlike gebraaide hoender, slaaie, brode en ‘n aartappelgereg. Die malvapoeding nagereg was net so lekker.

Sondagoggend was almal weer byeen vir die nagmaal diens. Daarna is die afsluiting gehou met die kos wat van die vorige aand oorgebly het.

## Foto Album - 3 Berge




Ontbyt langs die rivier



Magdaleen Viljoen—Boekevat

## Foto Album - Presidente



Blomme gedoen deur Johanna van Biljon






Koeldrank verkope tydens die kermis





Kiepersollers kuier gesellig saam

## Senior Burger Toer





Kiepersol lede wat die toer meegemaak het: Jannie & Ina vd Berg, Willy & Lenie Lubbinge, Johann & Alet Lemmer, Frieda Burger

## Foto Album - 100 +





Pieter & Johanna van Biljon lei die volkspele en die Sawanante speel te lekker saam. Die ouens wat moeg is, rus 'n bietjie.





Bo: Vinkie Swanepoel & Frieda Burger
Regs: Dries & Martie Brand - Burgemeesters paar

Bo: Die Babas - Rudie & Ilze Kleynhans
Saam met Juliana & André Knoetze

## Foto Album - Eastco





Sawanante en gemeentelede het baie lekker saam gekuier en gebraai.

Ella verduidelik hoe om brood te bak





Kampkommandante: Willie & Elma Bronkhorst, Jannie & Ina vd Berg

Meriete: Seef & Susan Delport
150 Streek & 200 Algemeen

Meriete: Willie & Elma Bronkhorst
130 Streek

## Foto Album - Dube





Kiepersollers kuier gesellig saam tydens Streek Rietvallei se 10de verjaardag saamtrek



Seniors

Frieda Burger



## Toer na Langebaan (en verder)

**Johann Lemmer**

Kom ons spog sommer met die intrapslag met Kiepersol. Van die nege woonwaens in die senior toer na die Gebied Goeie Hoop saamtrek in Langebaan, was nie minder nie as vier uit ons streek. Hou in gedagte, dit was 'n nasionale toer wat geadverteer is.

Ons Kiepersollers het sommer van die begin af saam gesleep. Die Ultra City op die NI (Midrand) is ons vertrekpunt.. Johann en Alet kom eerste daar aan (dit het nog nooit gebeur nie!) Jannie en Ina, Frieda, Willie en Lenie maak die groep volledig. By Aldam wag die res van die toerlede, reeds besig met die groot kuier. En dit sou die patroon wees: Lekker groep van nege woonwaens wat altyd almal saam kon kuier en vleisbraai.
By Gariep verken van die mense die omgewing en die 'langste kroegtoonbank' in Norvalspont (wat van die dorpie oorgebly het). Die *locals* is jolig, kyk rugby en verwelkom ons met ope arms. By die Karoo Nasionale Park kom ons tot ruste en drink die stilte en pragtige natuurskoon in. Maar eers iets oor ons agterryer, die belangrikste posisie in die konvooi. Dis Attie van Staden en sy Marietjie. Sou hy nie mooitjies vir elke burgerband operateur 'n naam gee nie. 'n Paar van ons se name is mettertyd opgradeer, byvoorbeeld die skrywer was eers Skillie maar teen die einde het hy met die Speedy gespog. Willie-hulle was "Fusebox" , alles te make met dinge wat langs die pad gebeur het.

Nou na ATKV Goudini Spa in die hartjie van die Bolandse berge met sy helende mineraal baddens en die grootste en uiteenlopendste wynroete ter wêreld. Ons besoek 'n wynboerdery en Slanghoekkelders (kyk foto). Ons word verras met bokse vol hanepootdruiwe, te veel om op te eet, lekker! Die oord is sentraal om plekke te besoek soos Ceres, Wolseley, Tulbagh, Paarl en terug oor die mooi Bainskloofpas.
Die laaste skof van die eerste been van die toer neem ons na Oostewal park in Langebaan. Langs die pad skep ons asem by 'n padstal met die oorspronklike naam **Plaasmol.** Ons verkyk ons aan al die interessante ditjies en datjies totdat 'n woonwa uit die sand gesleep moes word (die see kom nader). By die saamtrek aangekom word ons met ope arms deur vriendelike Sawanante ontvang en op 'n heerlike ete vergas. Te ete en te drinke het nog nooit so lekker gesmaak nie.

Die vêrste punt van die toer is bereik en ons ry kuslangs na Melkbos waar Ou Skip park vir ons wag. Dit gee toerlede die geleentheid om besienswaardighede in Kaapstad en omstreke te besoek. Hier moes ons afskeid neem van die ander toerlede omdat ons nog 'n draai by familie in die Oos-Kaap moes gaan maak. Van Jeffreysbaai volg ons die N1 tot net na Grahamstad. Nou is dit sekondêre paaie oor die Katbergpas na Fort Beaufort, verby Fort Hare universiteit na Hogsback in die Amatola-berge. 'n Baie mooi stukkie aarde met sterk Engelse invloed wat die uitleg en tuine betref. Die mooiste plek met die meeste slaggate in die bykans onrybare strate. Ons is oppad huis toe oor Queenstown, Aliwal-Noord. Maar eers oor Bloemfontein na Kimberley. Na vyf weke se voorspoedige reis en amper 6000 km is ons by die huis. Oos, wes, tuis bes!



Luister nou na my, dit is die regte wyn vir die fynproewer. Jannie (regs) aan Frieda by Slanghoekkelders.

# Vanaf Ou Skip

Vanoggend toer ons vanaf Ou Skip verder met bestemming Montagu. Johann en Alet het ons verlaat want hulle wil nog by hulle kinders, familie en vriende in Stellenbosch en Jeffreysbaai kuier en gaan inloer by KKNK in Oudtshoorn. Voordat ons op die N7 kom ry ons in mis op die ou pad. ’n Mooi gesig tussen die mooi ou groot bome. Dan ry ons weer vir oulaas deur die Du Toitskloof tonnel wat 4,8 km lank is. Sovêr ons ry bly dit ’n mooi natuurskoon met al die berge rondom.

Ons ry deur Robertson, wat beroemd is met hulle Klipdrift brandewyn en verder op ry ons nog by die Nuy wynkelder verby.  Ons stop by Affie Plaas, ‘n plaas stal waar van alles te kies en te keur is. Hier word beloer en koop ons oa alle soorte wyne. Die Nuy wyne het goed afgesit. Dan moet ons stil hou vir 2 ure net voor die afdraaipad na Bonnievale. Verder op is hulle besig met die pad verbetering. Ons tref dit want vir die verbreding van die pad was dit dié tyd om ’n stuk uit die berg te skiet. Dan ry ons deur die pragtige beroemde rots opening wat deur die beroemde padbouer Bains gemaak is. Verder was hulle besig met opgradering van die pad tot in Montagu.

Vanmiddag het ons die dorp ingevaar om droë vrugte te kry. Daarvoor is Montagu bekend. Frieda het vir Erwee en Hester Steenekamp, ou Verwoerdburg Sawanante maar nou inwoners van Montagu, laat weet dat ons hier aan doen.

Hulle 2 kom kuier die aand en wat ’n verrassing. Met die braai word ons deur hulle getrakteer met die lekkerste Montagu wors. Erwee boer met lusern en Hester bestuur hulle slaghuis. So het ons die aand baie gesellig af gesluit.

Die volgende oggend toer ons weer verder met bestemming Karoo Nas. Park. Voordat ons op die N1 kom ry ons deur ’n hele paar passe waaronder die Burgerspas. Frieda laat weet vir ‘’respek’’ dat ons ons hoede moet afhaal. By Laingsburg het ons die brandstof tenks weer volgemaak. Hier het ons tussen die skilpaaie deur gerus.

Vanaf die Karoo Nas. Park, met die vol maak van ons brandstof tenks in Beaufort-Wes, gaan ons weer na Gariepdam vir 2 dae. Hier word besluit dat ons vanaand ’n moerbypot gaan verorber. Almal het met blikkies kos by gedra. Verskillende wyne was op die tafel gesit en ons kon die smake geniet. Dit was ook weer ’n gesellige aand.

Die tweede aand het ons van Casper en Thea, Hendrik en Edith, Attie en Lilian afskeid geneem want hulle moes reg maak om die volgende oggend vroeg in die pad te val. Casper moes by sy hoenders uitkom. Voordat Hendrik en Attie by die Presidente aankom moes hulle nou met die toer eindig om noodsaaklike familie verpligtinge na te kom. Hendrik en Edith het ’n draai in Bloemfontein gemaak om hulle nuwe kleinkind te gaan sien.

Vanaf Gariep ry die oorblywende groep van 5 woonwaens of op sy Hollands gesê sleurhutte na Kroonpark wat die einde van die toer vir Willy en Lenie sal wees. Kroonpark is ’n groot pragtige ou park maar daar word nie veel aan onderhoud veral wat die ablusie betref gedoen nie. Met die skoolvakansie en Paas-naweek op hande was daar maar net ’n paar woonwaens en tente in die park. Jan en Ina het op armmanslaagte en die res van ons op skuldbult gestaan. Die aand het ons nog lekker gebraai.

Die volgende oggend het Willy en Lenie afskeid geneem van Nico en Sarie, Frieda, Jannie en Ina en Attie en Marietjie. Baie dankie Nico vir die uitstekende wyse wat jy die toer gereël en gelei het. Attie, ek sal jou nie vergeet vir die vervanging van die geblaasde “hazard” sekering nie.

Vanaf Kroonpark het ons langs die pad nog gesamentlik tenks volgemaak en daarna is ons huis toe en die res op pad na die Presidente om die toer daar af te sluit!

Willy en Lenie Lubbinge

**1**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 5 | 7 | 9 | 2 | 4 | 8 | 6 |
| 7 | 4 | 9 | 8 | 6 | 3 | 1 | 5 | 2 |
| 2 | 8 | 6 | 4 | 1 | 5 | 3 | 7 | 9 |
| 4 | 2 | 3 | 5 | 7 | 9 | 6 | 1 | 8 |
| 8 | 5 | 1 | 2 | 3 | 6 | 7 | 9 | 4 |
| 9 | 6 | 7 | 1 | 4 | 8 | 2 | 3 | 5 |
| 6 | 1 | 2 | 9 | 8 | 7 | 5 | 4 | 3 |
| 3 | 9 | 4 | 6 | 5 | 1 | 8 | 2 | 7 |
| 5 | 7 | 8 | 3 | 2 | 4 | 9 | 6 | 1 |

**2**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 4 | 9 | 1 | 3 | 8 | 2 | 7 | 5 |
| 2 | 1 | 5 | 6 | 9 | 7 | 8 | 4 | 3 |
| 7 | 3 | 8 | 2 | 5 | 4 | 1 | 9 | 6 |
| 4 | 6 | 3 | 9 | 1 | 2 | 7 | 5 | 8 |
| 8 | 7 | 2 | 3 | 4 | 5 | 9 | 6 | 1 |
| 5 | 9 | 1 | 7 | 8 | 6 | 4 | 3 | 2 |
| 1 | 2 | 4 | 5 | 6 | 9 | 3 | 8 | 7 |
| 3 | 8 | 6 | 4 | 7 | 1 | 5 | 2 | 9 |
| 9 | 5 | 7 | 8 | 2 | 3 | 6 | 1 | 4 |

# Tieners

Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | 5 | | 9 | | | 8 | 6 |
| 7 | | | | 6 | 3 | | | |
| 2 | 8 | | 4 | 1 | | | | 9 |
| | 2 | | | | | 6 | 1 | |
| | | 1 | 2 | | 6 | 7 | | 4 |
| | | 7 | 1 | | 8 | | 3 | 5 |
| | | | | | 7 | | | |
| | 9 | 4 | 6 | | | 8 | | 7 |
| | | | | 2 | | 9 | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 9 | 1 | | 8 | | | |
| | 1 | 5 | 6 | | | | | |
| | | | | 5 | 4 | | | 6 |
| 4 | 6 | | 9 | 1 | | 7 | 5 | |
| | 7 | 2 | 3 | 4 | | 9 | | |
| 5 | | | | 8 | | | 3 | |
| 1 | | | | 6 | | | 8 | 7 |
| | | 6 | | | | 5 | 2 | 9 |
| | | 7 | | 2 | 3 | | 1 | |

ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

MARÈ
**Naeltegnikus**
**Pedicures & Manicures**

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**084 407 7398**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die Pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

**Junie**

06 - Gina van Huyssteen
07 - Iloma de la Harpe
12 - Zuzette van Biljon
15 - Jan Hartzer
17 - Wouter van Biljon
20 - Hennie Lombard
23 - Jannie van den Berg
24 - Ester Lombard
29 - Jan Venter

**Julie**

02 - Jerome Henning
03 - Magriet Arnold
05 - Susra van Biljon
06 - Thea Brits
07 - Rita Hanekom
11 - Willy Lubbinge
11 - Melvyn Wessels
12 - Bertus Voges
16 - Ronelle King
17 - Marliza Ferreira
19 - Gert Rall
19 - Dewald van Biljon
20 - Blignaut Prinsloo
25 - Frank Smith
29 - Alma (Michau) Pieterse

**Augustus**

07 - Wilanda Prinsloo
07 - Natasha Baker
10 - Pierre de la Harpe
11 - Antoinette Kruger
13 - Annetjie Voges
16 - Susan Delport
17 - Con Arnold
19 - Johan Burger

**September**

02 - Jannus van den Berg
03 - Dora Adendorff
03 - Riaan Steenkamp
04 - André Rall
04 - Eldine Lemmer
05 - Paul Kruger
10 - Martie van der Merwe
12 - Hettie Smith
12 - Marina van den Berg
16 - Marco Michau
18 - Pat Whelan
20 - Ria van Deventer
22 - Martie Maritz
28 - Marie de Swardt

# Lief en Leed



## Lief

Marie de Swardt het mooi herstel na haar operasie.

Con Arnold se operasie het goed afgeloop en besig om te herstel.

Wille en Elma Bronkhorst se kleindogter Lerika Bronkhorst het Mpumalanga kleure gekry in akrobatiese danse. Sy het 1ste behaal.

Charlie en Ronelle King is 'n kleinseun ryker.

## Leed

Seef Delport het 'n heup vervanging gehad en besig om te herstel.

Elma Bronkhorst se ma is oorlede.

Marnet Steenkamp se suster en haar oom is oorlede.

Jo de Villiers se ma is oorlede.

Dewald en Helmien van Biljon se jongste seun was in 'n motorongeluk betrokke. Hy het net kneusplekke opgedoen.

André en Rina Rall se dogter Marille was in 'n motorongeluk betrokke. Dit gaan egter goed met haar.

Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom. Joh.. 14 : 6 –7

Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. Ef. 5 : 8 - 9

## Dankie

Elma Bronkhorst wil net dankie sê vir almal wat gebel, WhatsApp en SMS'e gestuur het om te simpatiseer met my ma se afsterwe.

# Huweliksherdenking



**Julie**

01 - Louis & Madelein v/d Berg
03 - Johan & Gina van Huyssteen
10 - Con & Magriet Arnold
21 - Johan & Karin Burger

**Augustus**

30 - Fanie & Marie Marx
31 - Seef & Susan Delport

**September**

04 - André & Rina Rall
23 - Mike & Dianne du Preez

# Streekbestuur 2015 - 2016 & Voogdelys

## Voorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **Willie Bronkhorst** | **S 082 802 6959** | **willie.bronkhorst@vodamail.co.za** |
| Chris Ardenhoff | S 083 225 9594 | admin@bjglas.co.za |
| Willem Nordejé | S 071 483 7671 | willem.nordeje@nsn.com |
| Johan van Huyssteen | S 082 709 3616 | ginavh62@gmail.com |
| Jan Venter | S 072 554 6840 | info@bureautrust.co.za |
| Bertus Voges | S 083 264 9300 | vogesb@iburst.co.za |
| Melvyn Wessels | S 072 174 6335 | melvyn.wessels@gmail.com |
| Pat Whelan | S 082 550 3359 | Spoednikk@yahoo.com |
| Gregor van Deventer | S 082 900 7755 | gregor.vandeventer@gmail.com |

## Ondervoorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **André Baker** | **S 083 409 3709** | **andrebaker31@gmail.com** |
| Con Arnold | S 072 462 2602 | con45@mweb.co.za |
| Wanda Blignaut | S 082 686 2796 | wprinsloo@mweb.co.za |
| Theuns Botha | S 083 653 4911 | xbibtheunis@outlook@com |
| Manie Brits | S 083 737 6797 | maniebrits@vodamail.co.za |
| Pierre de la Harpe | S 082 444 2423 | Pierree.dlh@gmail.com |
| Martiens de Swardt | S 084 664 4147 | martiens.marie@gmail.com |

## Penningmeester

| | | |
|---|---|---|
| **Johan Burger** | **S 082 923 5614** | **johan.burger@telkomsa.net** |
| Rigard Lemmer | S 082 786 9928 | rigard.lemmer@treasury.gov.za |
| Guillaume Jordaan | S 083 546 5579 | guillaumej@telkomsa.net |
| Chris Joubert | S 082 464 3692 | chrisjou@absa.co.za |
| Ronelle King | S 084 444 8300 | ronelle@hscenturion.co.za |
| Paul Kruger | S 082 573 4479 | krugerpdk@gmail.com |
| Lettie Leach | S 084 208 4417 | meleach@telkomsa.net |
| Johann Lemmer | S 083 233 9295 | lemmerj@mweb.co.za |

## Sekretaris

| | | |
|---|---|---|
| **Ina van den Berg** | **S 081 270 8267** | **jannie.ina@gmail.com** |
| Martiens Joubert | S 072 623 6775 | bontleauto@yahoo.com |
| Hennie Lombard | S 072 560 7775 | hennie.lomb@gmail.com |
| Willie Lubbinge | S 082 957 0781 | wlubbinge@telkomsa.net |
| Stef Maritz | S 082 378 0140 | steph.maritz@vodamail.co.za |
| Fanie Marx | S 083 280 6633 | fanie.marx@absamail.co.za |

## Addisionele lid

| | | |
|---|---|---|
| **Dewald van Biljon** | **S 083 709 9936** | **dewaldvbilj@gmail.com** |
| Piere de Villiers | S 083 969 1875 | devilliers4442@gmail.com |
| Seef Delport | S 082 956 2438 | susans@lantic.net |
| Mike du Preez | S 071 896 9976 | oumieandoupie@gmail.com |
| Hennie Ferreira | S 083 226 3176 | hennief@absamail.co.za |
| Andre Groenewald | S 083 260 4839 | bgroenewald@bureautrust.co.za |
| Pieter Hanekom | S 082 923 6360 | pieter.hanekom.za@gmail.com |
| Jan Hartzer | S 082 851 8202 | ja.hartzer@gmail.com |
| Jerome Henning | S 083 407 8370 | henningjerome@gmail.com |

## Addisionele lid

| | | |
|---|---|---|
| **Marnet Steenkamp** | **S 076 197 4430** | **marnet@wistec.co.za** |
| Frank Smith | S 082 882 5299 | frank.hettie@vodamail.co.za |
| Pieter van Biljon | S 082 574 6903 | pieterjohannavanbiljon@absamail.co.za |
| Wouter van Biljon | S 083 364 9093 | vabo@kidd.co.za |
| Louis van den Berg | S 083 277 7307 | louisvandenberg2810@gmail.com |
| Martie van der Merwe | S 083 653 2075 | martie.vdm101@gmail.com |
| Poen Venter | S 083 264 6141 | jan.venter@mtnloaded.co.za |

## Senior Burger Verteenwoordiger

| | | |
|---|---|---|
| **Frieda Burger** | **S 082 894 7852** | **frieda.burger@vodamail.co.za** |
| Willie Olivier | S 083 288 6760 | willie.olivier@eskom.co.za |
| Bennie Oosthuizen | S 083 307 1874 | BennieO@nedbank.co.za |
| Alma Pieterse (Michau) | S 072 949 6293 | paulpieterse22@gmail.com |
| Willem Pretorius | S 082 896 3201 | willem.pretorius@bytes.co.za |
| Quintin Prinsloo | S 083 397 6417 | wprinsloo@bureautrust.co.za |
| Gert Rall | S 082 873 3969 | rinar@mycomax.com |
| Andre Rall | S 081 018 4038 | rinar@mycomax.com |

## Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

CAMPWORLD

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uitstalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS · Gypsey Distinctly different · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · JURGENS SAFARI · HOWLING MOON · VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**